Tema: Wag kalm en geduldig op die hulp en redding van die Here.

Vooraf sang
Ps 146-1: 1, 2, 3
Ps 2-1: 1, 2 - staan met vers 6 op as intreelied

Ontmoetingsdiens
Intreelied: Ps 2-1 : 6
Votum
[7]Prys die Here, alle volke, prys die Here om sy eer en mag!
[8]Prys die Here om die eer van sy Naam! Kom na sy voorhowe toe, bring vir Hom offers!
[9]Buig voor die Here by sy heilige verskyning; betoon eerbied aan Hom, almal op aarde.
[10]Verkondig onder die nasies: “Die Here regeer; die wêreld staan vas, dit wankel nie;

Seën
Lofpsalm: Ps 66-1: 1, 2, 3
Geloofsbelydenis:12 Artikels

Verootmoedigingsdiens
Wet uit Eks 20
Sing Ps 40-2: 6, 7, 8 (Mel Ps 100)
Gebed

Woorddiens
Skriflesing: Eksodus 14
Teks: Eks 14: 13, 30 en 31
Sing Ps 130-3: 2;
Woordverkondiging;

Antwoorddiens
Sing Ps 66-1: 7, 9
Gebed
Liefdegawes;
Gebed vir BnB: Christene in Mexiko
Sing:Ps 40-1: 1, 3
Seën
Amenlied Sb 13–2.

Geliefdes in ons Here Jesus Christus

Gelowiges kom dikwels in probleemsituasies waaruit jy jouself nie kan help nie. Jy beland in ʼn benouende of selfs lewensgevaarlike situasie en jy kan nie daaruit kom nie. Jy sien geen uitkoms en menslik gesproke kan jy niks aan die situasie doen nie. Om in so ʼn situasie te wees, is baie sleg veral wanneer jyself die oorsaak daarvan is. Jy het in 'n situasie beland en jy moet eintlik maar sit en wag en hoop dat God iets sal doen of iemand sal stuur om jou uit die moeilikheid te help.

Hierdie situasies doen hulle veral voor **in ons geestelike lewe**. My eie swakheid en my eie onvermoë is dikwels die oorsaak dat ek maar weer in een of ander **sonde beland.** Ek het stry solank teen een of ander saak in my geestelike lewe en voor ek my kon kry, het ek weer daarin beland. Dalk 'n kort humeur wat verhoudinge verswak of onnadenkende woorde wat mense gekwets het en ek weet ekself kan dit nie regmaak nie.

Of miskien het jy in een of **ander dilemma beland vanweë 'n beproewing wat die Here op jou lewenspad gebring het.** Dalk 'n groot terugslag waaruit jy nie self kan opstaan nie. Miskien een of ander siektetoestand waarvoor daar oënskynlik geen genesing is nie en jy moet maar daarmee saamleef. Dalk 'n groot probleem wat jy moet oplos en dit voel vir jou jy is tussen twee vure vasgekeer en jy kan nie uit nie.

Ons almal ken hierdie situasies. Jy is vasgevang en jy kan niks daaraan doen nie.

Die Here wys ons vanmore op die antwoord en die boodskap is eenvoudig, maar tog so veeleisend. Die boodskap is: **Wag kalm en geduldig op die hulp en redding van die Here! Ja, vestig jou oë op die Here en kyk hoe Hy jou red. Al lyk jou omstandighede hoe hopeloos en sien jy geen uitkoms nie – Wag kalm en geduldig op die Here !**

Dit was ook die boodskap van die Here aan die volk Israel. Kom ons kyk eers wat hulle omstandighede was en hoe die Here hulle geleer het om Hom te vertrou en te wag op sy redding:

Israel was op pad uit Egipte. Na honderde jare van slawerny kan hulle hierdie land met sy slegte omstandighede verlaat op pad na 'n land wat die Here vir hulle beloof het. Die Here het alreeds deur groot en opspraakwekkende dade die uittog vir hulle moontlik gemaak. Dink maar aan die tien plae wat die Egiptenare getref het.

Maar nou doen die Here op hulle reis 'n ondenkbare ding. Hy laat hulle nie die gewone roete na Kanaän toe volg nie, Hy stuur hulle op 'n roete wat hulle duidelik in die moeilikheid gaan bring. Aan die een kant is Egipte, aan die ander kant die Rooi See en voor hulle ondeurdringbare berge. Op die oog af lyk dit of alles op niks gaan uitloop – hulle gaan weer gevang word.

Maar God het 'n plan. Hy maak aan Moses hierdie plan bekend. Hy gaan die Farao agter hulle laat aankom en dan gaan Hy sy almag op 'n besondere wyse aan almal vertoon. Maar hiervan weet die volk nie**. Want sien, brs. en srs. die Here laat ons dikwels in sulke vasval-omstandighede beland – juis om ons geloof te toets. Juis om te sien of ons Hom vertrou en of ons op Hom kan wag. Om te kyk of ons werklik glo dat Hy ons kan help en of ons bereid is om kalm en geduldig op Hom te wag.**

Toe die Israeliete weer hulle oë uitvee is die Egiptenare op hulle hakke en daar is geen uitkomskans nie. Dadelik doen hulle wat ons ook maar dikwels in sulke omstandighede doen: hulle **word paniekerig**. Hulle roep verward om hulp en soek iets of iemand om die skuld op te plaas. Skielik is alles Moses se skuld. Hy het hulle die dood in gelei. Ons doen dit mos baie kere: ons gee ander die skuld vir ons eie moeilikheid. Ons verplaas die blaam – selfs na die Here toe.

Maar, brs. en srs., hoor wat sê die Here vir hulle: Wees stil, kyk wat Ek vandag voor julle oë gaan doen. Bly stil en sien God se verlossingsplan. Moenie sommer net begin wanhoop en bang word nie! Vertrou die Here en wag op sy uitkoms.

Geliefdes, die moeilike opdrag aan die volk was dat hulle niks moes doen nie. Hulle moes stilbly en kyk hoe die Here hulle gaan red. En nou die vraag br. en sr.: is ek en jy nog bereid is om so op die Here te wag. Glo jy dat God nog sulke wonders in jou lewe kan bewerk? Of dink ons dat God nou anders werk as in die Bybel se tyd? Vertrou ons regtig dat Hy kan help?

Kom ons kyk hoe doen die Here dit hier:
Ons lees dat die **Engel van die Here** tussen die volk en die Egiptenare in beweeg het om hulle te beskerm. Hy stuur ook die vuurkolom tussen die twee groepe. Vir die Israeliete gee Hy lig en vir die Egiptenare gee hy donkerte. Hy bring skeiding tussen geloof en ongeloof. Hy verhoed dat die bose magte sy volk oorval. **Hierdie Engel, geliefdes, is niemand anders as ons Here Jesus Christus nie. In 1 Kor. 10: 14 lees ons dat dit Hy was wat die volk hier begelei en gered het.**

Hierdie wolkkolom en vuurkolom is ’n heenwysing na die kruis van Christus. Wat Hy daar aan die kruis vir ons sou doen. Dat Hy skeiding bring tussen geloof en ongeloof en dat dit Hy is wat ons gered het. Aan die kruis het Hy die duiwel oorwin en so ook skeiding bewerk tussen geloof en ongeloof. Daar het die oordeel oor die ongelowiges reeds in aanvang geneem en die redding vir die kinders van God is bewerk.

En ons wat in Hom **glo deel nou aan sy oorwinning. H**y het vir ons geveg en oorwin. **Ons het nie 'n vinger verroer nie,** ons kon nie – ons was vasgevang in ons sondesituasie. Ons – die hele mensdom – kon maar net toekyk hoe Hy aan die kruis die geveg vir ons veg en oorwin. God het sy belofte ook vir ons waargemaak: bly stil en kyk hoe ek vir julle oorwin.

Maar die Here red ons nie net geestelik nie, Hy red ons ook uit praktiese lewenssituasies!
Hier red die Here deur 'n wonder van die natuur.
Toe Moses op die water slaan, skei 'n sterk oostewind die water van die rooi see sodat daar 'n droë pad deur die see kom en die volk daardeur kan trek. Menslik gesproke was daar geen uitkomkans nie! Die volk kon self niks doen nie maar God maak vir hulle pad deur die see!! Die Here red hulle uit 'n onmoontlike situasie waaruit hulleself nie kon kom nie.

Die Egiptenare volg hulle die see in maar God laat die waters terugvloei en die Israeliete se vyande gaan tot niet. Die Here bring totale verlossing en uitkoms sonder dat die volk 'n vinger verroer.

Geliefde br. en sr. en liewe kinders: glo ons dat die Here vandag nog so kan werk? En is ons bereid om kalm – sonder paniek en sonder om te verwyt – op sy redding te wag!

Die Here sê dan vanmore vir jou: Wat ook al jou vasvangsituasie is: w**ag kalm en geduldig op die Here en sy redding in jou lewe! Kyk hoe Hy ook vir jou uitkoms bring uit daardie situasies of beproewinge waarvan jy geglo het dat daar geen uitkoms moontlik is nie**. Daar waar jy so magteloos voel, waar jy voel alles is bo jou kragte en niks kan meer help nie. Daar moet ons leer om soos die Israeliete nie paniekerig te word nie, maar ons toevlug tot die Here te neem sodat Hy ons kan verlos.

As God ons so lief gehad het dat Hy Jesus aan die kruis laat hang het om so die duiwel te oorwin, **dan sal Hy ons moes nie vandag in enige ander situasie hulpeloos laat nie**. Ons **moet leer om die Here te vertrou** dat Hy ons kan help. Al moet ons soms **baie lank wag**. Al beproef die Here ons geloof deur die uitkoms nie dadelik te gee nie – moenie moedeloos word nie- Glo en kyk – die Here sal help.

Br. en sr.: bou jou geloof op die beloftes van die Here soos Moses. Hy het geweet God het 'n plan en Hy het gehoorsaam gedoen wat die Here van Hom vra. Dink jy Moses het geglo dat dit sal help om met sy kierie op die water te slaan? Ek glo nie! **Maar Hy het geweet God sal iets kan doen en daarom was hy gehoorsaam**. Daarom het Hy dit gedoen en God het 'n wonderwerk laat gebeur.

So het die Here ook 'n plan met ons vasvalsituasies. Hy wil daardeur 'n goeie doel bereik. Die Here leer ons in 1 Petrus 1 dat beproewing ware geloof in ons bewerk! Dat ons geloof louter en sterk maak. Ook in Jakobus 1 leer die Here ons dat beproewing waarin ons moet wag en vertrou – volharding by ons bewerk! Dit leer ons om moeilike tye met geloof te deurstaan.

En weet julle, ook in hierdie proses van geloofsloutering en geloofsvolharding het die Here aan ons nog ’n wonderwerk bewys! <u>Hy woon in ons deur sy Gees</u>. En die wonderwerk van die Heilige Gees is dat Hy juis hierdie geloof en vertroue in ons wek. Hy gee krag om in beproewings staande te bly. Hy gee geloof en moed. Hy bewerk vertroue en gee ons die genade dat ons kan wag op God se redding.

Daarom geliefdes, vir watter situasie jy ook al in mag beland – selfs daardie waarvan jy deur jou eie sonde self die oorsaak is of as dit iets wat die Here op jou pad gebring het, vertrou die Here en glo dat Hy werklik ook in jou lewe sy verlossingsplan deurvoer.

So sê die Here dan vir jou: Wees stil, kyk hoe God jou verlos**.** Soos wat Hy aan die Israeliete die oorwinning oor die Egiptenare gegee het sonder dat hulle 'n vinger verroer het, so sal Hy ook gee aan elkeen wat in Hom glo en Hom vertrou.

Wag kalm en geduldig op die redding van die Here.

Amen

Kom ons staan op en antwoord met geloof en vertroue en sing tot lof van die Here
Ps 66-1: 7, 9